# Laerskool Fairland

# Algemene inligting: Gr. 2- tot gr. 7-leerders

## Skooltye

**Gr. 2:**

| DAG | ONDERRIGTYD | WAGKLAS |
|---|---|---|
| Maandag | 07:25 – 13:00 | 13:15 – 14:00 |
| Dinsdag | 07:25 – 13:00 | 13:15 – 13:30 |
| Woensdag | 07:25 – 13:00 | 13:15 – 13:30 |
| Donderdag | 07:25 – 13:00 | 13:15 – 14:00 |
| Vrydag | 07:25 – 12:45 | Geen wagklas nie |

**Wagklas**

Wagklas is daardie middae wanneer die juniors alreeds uitgekom het, maar die gr. 3- tot gr. 7-leerders steeds onderrig ontvang. U kind is welkom om in die wagklas te bly.

Geen leerders mag tydens wagklas in die parkie of voor die klaskamers speel nie.

**Toegangshek:** Gr. 1- en gr. 2-leerders word by die hek in 7de Laan op- en afgelaai.

**Gr. 3 tot gr. 7:**

| DAG | ONDERRIGTYD |
|---|---|
| Maandag | 07:25 – 14:00 |
| Dinsdag | 07:25 – 13:30 |
| Woensdag | 07:25 – 13:30 |
| Donderdag | 07:25 – 14:00 |
| Vrydag | 07:25 – 13:00 |

**Stiptelikheid**

Skool begin alreeds om 07:25 en dit is vir ons baie belangrik dat alle leerders betyds sal wees. Om 07:20 lui die eerste klok en om 07:25 begin die skool. Wanneer leerders laat kom, mis hul uit op waardevolle kontaktyd en dit is ook vir hul 'n groot verleentheid.

## Skoolgeld

Die skoolgeld vir **2026** beloop **R29 250** per leerder waarby 'n individuele skoolfoto's en laastedag-aktiwiteite ingesluit is.

**Gr. 1- tot gr. 6-leerders se betalings is soos volg:**

'n Deposito van **R2 610** is betaalbaar voor of op **30 November 2025**. Die balans van **R26 640** is betaalbaar in **tien** gelyke paaiemente van **R2 664** voor of op die **7de van elke maand** beginnende **7 Januarie 2026.**

**Gr. 7-leerders se betalings is soos volg:**

'n Deposito van **R2 610** is betaalbaar voor of op **30 November 2025**. Die balans van **R26 640** is betaalbaar in **agt** gelyke paaiemente van **R3 330** voor of op die **7de van elke maand** beginnende **7 Januarie 2026.**

## Naskoolsentrum

| | | |
|---|---|---|
| Die naskoolsentrum se tye is soos volg: | Ma. en Do. | 14:00 – 17:30 |
| | Di. en Wo. | 13:30 – 17:30 |
| | Vr. | 13:00 – 17:30 |

Die naskoolsentrum open op Woensdag 14 Januarie 2026. Leerders wat die naskoolsentrum in 2026 gaan bywoon, sal in 'n wagklas met toesig bly totdat die naskoolsentrum op bg. tye open.

- Navrae in verband met naskoolinskrywings kan aan marilet@laerskoolfairland.co.za gerig word.
- Naskool is oop gedurende vakansies BEHALWE op openbare vakansiedae en Desembervakansie.
- Etes: Daar word nie etes voorsien nie, maar die snoepie verskaf spyskaarte en ouers kan deur die snoepie etes vir leerders bestel.
- 'n Deposito (registrasiefooi) van **R500** is betaalbaar voor of op **30 November 2025**. Die balans van **R11 250** is maandeliks vooruit-betaalbaar in tien gelyke paaiemente van **R1 125** voor of op die **7de van elke maand beginnende 7 Januarie 2026**.

## Bankbesonderhede (Skoolgeld en Naskoolgeld)

| | | |
|---|---|---|
| **FNB – Cresta** | **Rekeningnaam:** | Laerskool Fairland |
| **Rekeningnommer:** | 6200 7496 228 | |
| **Takkode:** | 254-905 | |
| **Verwysing:** | **Familiekode** | |

# Skooldrag

## Somersdrag: Seuns en dogters

***Somer (Ongeveer September tot Mei)***

**Seuns**

Bottelgroen kortmou skoolhemp met wapen
Grys kortbroek
Grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag
Swart toerygskoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.
Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.



**Dogters**

Wit en groen geruite rok met bottel-groen kraag en mouboordjie omslag
Bottelgroen broekie ("skipants")
Kort groen skoolsokkies met oranje en wit strepies op omslag
Swart skoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.
Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.

# Wintersdrag: Seuns en dogters

***Winter (Ongeveer Mei tot September)***

**Seuns:**

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen
Skooldas (opsioneel)
Grys langbroek
Grys kniekouse soos vir somer
Swart toerygskoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur



**Dogters:**

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen. Skooldas (opsioneel)
Gr. 1 tot gr. 5: Bottelgroen langbroek, grys langbroek of donkergroen romp. Vir gr. 1 tot gr. 3 word die langbroek aanbeveel.
Gr. 6 en gr. 7: Bottelgroen geplooide romp (LW: Romplengte is 3 – 8cm vanaf grond wanneer dogter kniel)
By langbroek: kort bottelgroen skoolsokkies met oranje en wit strepies – tot gr. 7 toelaatbaar.
By romp: grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag of swart broekiekouse (78 Decitex) – geen lang "skipants" nie
Swart skoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur

**Verjaarsdae:** Dieselfde as by somerdrag.

**Spesiale vergunning** is gemaak dat die leerders gedurende die winter hul LO-wintersdrag (skoolsweetpakke) mag aantrek. Leerders moet egter, wanneer hul die skool verteenwoordig, in volle skooldrag geklee wees.

## LEERLINGRAADSTELSEL EN -DRAG (Gr. 7-leerders)

Elke leerder dien in sy/haar gr. 7-jaar op die leerlingraad. Sodoende word al die leerders se leierskappotensiaal ontwikkel.

Die vyf gr. 7-klasse word in vyf verskillende Huisrade ingedeel. Daar word kwartaalliks 'n komitee deur die leerders verkies wat uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en komitee-lede bestaan om op die Huisrade te dien.

**Leerlingraaddrag**

Die leerlingraad dra spesiale drag wat hul onderskei van die ander leerders en hulle soos ambassadeurs van ons skool te laat vertoon.



**Seuns: Formele somersdrag**

Grys kort- of langbroek

Grys skoolkouse (kniekouse)

Wit lang- of kortmouhemp: Let wel: 'n dashemp

Leerlingraaddas (koop by ons aanlynwinkel)

https://laerskoolfairland.co.za/product/graad-7-das/

Swart skoolskoene

Groen leerlingraadbaadjie met wapen

**Seuns: Formele wintersdrag**

Soos bo.

**Dogters: Formele somersdrag**

Groen rompie

Grys skoolkouse

Wit kortmouhemp: Let wel: 'n dashemp

Leerlingraaddas (koop by ons aanlynwinkel)

https://laerskoolfairland.co.za/product/graad-7-das/

Swart skoolskoene

Groen leerlingraadbaadjie met wapen

**Dogters: Formele wintersdrag**

Soos bo.

## LO-drag: Seuns en dogters

**Ons is in die proses om ons LO-drag te hersien.**

**Die LO-drag sal slegs aanlyn beskikbaar wees vanaf einde 2026.**

Die groen/oranje LO-kouse is by ons Aanlynwinkel te koop. Besoek gerus die winkel deur die skakel te volg: https://laerskoolfairland.co.za/aanlyn-winkel/ Die dra van die kouse saam met LO-drag en tekkies is verpligtend.



## Leweransiers

**CONSTANTIA SKOOLKLERE**

| | |
|---|---|
| Tel.no.: | (011) 791-1300 |
| Adres: | Hoërskoolsentrum, Malibongwerylaan, Robindale, Randburg |
| e-posadres: | w.vandyk@mweb.co.za |

**SCHOOL AND LEISURE**

| | |
|---|---|
| Tel.no.: | (011) 431-0406 |
| Adres: | Heathway Square, Beyers Nauderylaan, Cresta, Johannesburg |
| Webtuiste: | www.schoolandleisure.co.za |

**BURGERS BROERS (Geen sportdrag)**

| | |
|---|---|
| Tel.no.: | (011) 782-1055 |
| | Beyers Naudelaan 159, Northcliff |

## Akademie

Leerders ontvang hul roosters op eerste dag wanneer skool open vir nuwe skooljaar.

Gr. 4- tot gr. 7-leerders skryf eerste en derde kwartaal 'n toetsreeks en in die derde en vierde kwartaal 'n Kontroletoetsreeks (eksamen).

## Sport

Sportsoorte binne skoolverband:


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Atletiek | Hokkie (seuns) | Krieket (seuns) | Rugby | Netbal |
| Swem | Hokkie (dogters) | Krieket (dogters) | TAU-rugby | Mini-netbal |
| Skaak | Mini-hokkie | Mini-krieket | | |
| Tennis (junior en senior) | | | | |

Ander sportsoorte se oefentye sal op d6 geplaas word.

## Kommunikasie

**d6 School Communicator**

**https://d6.co.za/school-communication-apps/ d6 School Communicator – BLOU een**




**Vinkie:** Ons weeklikse nuusbrief wat weekliks op d6 geplaas.

## Algemeen

**Skryfbehoeftes**

Skryfbehoeftelyste is op d6 geplaas.

**Veiligheid**

Daar is voor en na skool 'n wag wat by al die hekke diens doen.
Sekuritetskameras is in die klasse, op die stoepe en speelterreine aangebring.

Ons het 'n baie goeie verhouding met Beagle Watch-sekuriteitsmaatskappy wat gereeld om die skool patrolleer en tydens byeenkomste ekstra wagte om ons skool plaas. Hulle doen soggens en in die middae ook diens by die brug in Rugbystraat.

**Afknou-/Boeliegedrag**

'n Kundige persoon word elke jaar kwartaalliks gereël om met die leerders oor afknou-gedrag te kom praat. Hulle word ook geleer hoe om teen so 'n maat/persoon op te tree.

**Klasverteenwoordigers**

'n Klasverteenwoordiger en hulp-klasverteenwoordiger, wat behulpsaam is met die deurgee van inligting aan die ouers, word elke jaar uit die ouers van elke klas verkies.

## Skoollied

Omring deur stadsgeluid en steen,
Verrys ons skool as trotse baken
Op die pad van Afrika.
Die trek met ossewa begin,
het nou die snelle weg geword
van kennis wat ons uit moet dra.

Vorentoe, altyd vorentoe.
Ons kyk nooit terug.
Met die oog op God gerig,
Sal ons altyd voorwaarts gaan
Met Fairlandskool die weg te baan.

## Nasionale Volkslied

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika – South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,
Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.

# Visie, Missie en Kernwaardes

## Visie

Laerskool Fairland streef daarna om elke leerder se unieke karakter en talente optimaal te ontwikkel deur geleentheidskepping en liefdevolle leiding.

## Missie

Laerskool Fairland stel homself ten doel om elke kind se potensiaal te ontsluit deur 'n waardestelsel wat hulle help ontwikkel in 'n suksesvolle selfstandige leerder.

Daarbenewens streef ons daarna om kwaliteit opvoeding te voorsien deur dinamiese personeel wat deur 'n bekwame beheerliggaam en betrokke ouers ondersteun word.

## Kernwaardes

Ons waardestelsel sluit die volgende beginsels in:

- respek
- mensliewendheid
- eerlikheid
- lojaliteit
- hoflikheid
- mededeelsaamheid
- selfdissipline
- nederigheid
- verdraagsaamheid
- pligsgetrouheid

en ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.